# 30 Oktober 2023 - Lesing 162 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Opleiding van die leerkragte van God se kant - 1/10/60

**NO: 7716** Alles wat jy begeer om te weet en wat nuttig is vir jou siel, word **deur My Gees aan jou bekendgemaak.** Want diegene wat Ek Self onderrig, **moet weer as leraar werksaam wees**. Hulle moet die kennis wat Ek aan hulle skenk **deurgee aan hulle medemens**. En dat dit daarna aan die wat honger is oorgedra word, sal Ek self voor sorg.

Want Ek weet waarlik wie se siele spys en drank nodig het, en daarom gee Ek aan hulle die brood van die hemel, die water van die lewe, **deur jou**.

Die mense moet bekendgemaak word met die waarheid. Kennis moet vir hulle ontsluit word sodat hulle **die betekenis en doel van die aardse lewe kan verstaan**. Die mense moet onderrig word in die waarheid. En daarom moet Ek Self **- die Waarheid van die ewigheid** – My oor hulle bekommer.

Die kennis moet van My uitgaan indien dit mense na My toe moet teruglei. Alhoewel daar nou ook kennis opvoedkundig aan mense oorgedra word en dit ook nie verkeerd hoef te wees **indien die leraars deur My gees verlig is** en hul taak ernstig opneem om mense na die lig te lei nie, kan dit ook metodies oorgedraagte geestelike goedere wees, wat erg deurspek kan wees met dwaling, waarvan die ontvanger nie in staat is om te onderskei of van die waarheid te skei nie. En dan raak mense se gedagtes deurmekaar.

En die gevolg is dat mense **onder mekaar stryd voer** en uiteindelik geneig is om alles te verwerp en geen meer werklike kontak met My tot stand bring nie, met hulle God en Skepper van ewigheid af.

En dan ontstaan die noodsaaklikheid dat Ek weer Self mense moet uitsoek wat Ek sal oplei as leraars. **Dit geskied sodat die suiwer waarheid deur My regstreeks na die aarde gelei kan word** en dat Ek nou vir My leerlinge die opdrag kan gee om as leraars aktief te raak teenoor hul medemens, sodat die suiwer waarheid weer versprei kan word, sodat mense weer **kennis van die sin en die doel van hulle bestaan gegee kan word**, omdat Ek Self aan hulle voorgestel word as 'n **God van Liefde, Wysheid en Almag**, Wie hulle moet erken en liefhê, indien hulle salig wil word.

**Verkeerde lering is nie in staat om liefde by mense op te wek nie, maar die waarheid kan die liefdesvonk hoog laat opvlam**. En wanneer dit gebeur het, is ook die verbinding met My tot stand gebring en is die sin en doel van die lewe op aarde as mens vervul. Daarom sal Ek steeds weer leerkragte oplei wie se taak dit is om **My suiwer Evangelie te verkondig** en wie alle geleenthede moet benut om in My Naam te spreek, in die besonder wanneer verkeerde geestelike leringe verdedig word.

En so 'n leraar sal nie bang hoef te wees dat hy nie daartoe in staat sal wees nie, want My krag werk in hom en **Ek sal die woorde in sy mond lê**, sodat hy nie anders sal kan as om te sê wat My wil is nie. Want dan spreek My Gees deur hom. Dan is hy net die spreekbuis vir My wat Ek gebruik om die waarheid aan die mense te bring. En julle sal julleself gelukkig kan prys wanneer julle siel nou gevoed kan word met die korrekte voedsel, **wanneer die lewende water vir julle by die bron aangebied word**. Julle sal maar net hoef te put en julle siel sal haarself kan verkwik en kragtig word vir haar pelgrimstog op hierdie aarde.

Maar waar Ek Self so 'n bron vir julle oopgemaak het, **moenie daarby verbygaan nie**. Dit vertel Ek julle steeds weer, omdat julle die weg van die waarheid sal moet gaan om die doel te bereik en **omdat die waarheid slegs deur My Self vir julle aangebied** kan word.

En Ek sal waarlik vir Myself die **korrekte houers** uitkies waarin die lewende waters kan binnestroom. En vir julle almal wat ernstig begeer om salig te word, sal Ek die lewensbron toeganklik maak. Amein.